

## ***WANNEER 'N MENS STERF, WAT DAN?***

**O**ns voel huiwerig om te antwoord wanneer 'n kind vir die eerste maal vra: “Wat beteken dit om dood te gaan?” Ons is huiwerig om daaroor te praat of selfs daaroor te dink dat iemand vir wie ons lief is kan sterf. Die dood is die gemeenskaplike vyand van mense oral.

Wat is die antwoorde op die moeilike vrae oor die dood? Is daar lewe na die dood? Sal ons ons dooie geliefdes weer sien?

### **1. GAAN DIE DOOD SONDER VREES TEGEMOET**

Ons het al almal op sekere tye, moontlik reg na die dood van 'n vriend of 'n geliefde, daardie leë gevoel op die krop van die maag gevoel, daardie eensame gevoel wat oor ons spoel wanneer ons 'n kkie het op die einde van 'n lewe.

Aangaande 'n saak so belangrik, so gevul met emosie, waar kan ons die waarheid uitvind oor wat gebeur wanneer ons sterf? Gelukkig was 'n deel van Christus se sending na die aarde om almal te “bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was” (Hebreërs 2:15). En in die Bybel bied Jesus vir ons bemoedigende boodskappe, en beantwoord al ons vrae oor die dood en 'n lewe daarna.

### **2. HOE GOD ONS GEMAAK HET**

Om die waarheid oor die dood uit die Bybel te verstaan, kom ons begin aan die begin en kyk hoe ons Skepper ons gemaak het.

*“En die **HERE** God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n **LEWENDE SIEL** geword.” – Genesis 2:7. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die **ONTDEK** Gids geneem uit die *Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans*.)*

Met die Skepping het God vir Adam gemaak van “die stof van die aarde.” Hy het 'n brein in sy kop gehad wat gereed was om te dink, bloed in sy are wat gereed was om te vloei. Toe het God “die asem van die lewe” in sy neus geblaas en Adam het “'n lewende siel” geword. Let mooi op, die Bybel sê nie dat Adam 'n siel ontvang het nie; dit sê eerder dat “die mens 'n lewende siel” geword het. Terwyl God asem in Adam ingeblaas het, het die lewe van God af uitgevloei. Die kombinasie van die liggaam en “die asem van die lewe” het Adam 'n “lewende wese” of “'n lewende siel” geword. Ons kan dus die menslike vergelyking soos volg skryf:

“Stof van die grond” + “Asem van die lewe” = “'n Lewende Siel”

Lewelose liggaam + Asem van God = 'n Lewende Wese

Ons het elkeen 'n liggaam en 'n verstand wat kan redeneer. So lank as wat ons aanhou om asem te haal, sal ons 'n lewende wese, 'n lewende siel wees.

### 3. WAT GEBEUR WANNEER ‘N PERSOON STERF?

By die dood vind die teenoorgestelde van die skeppingsproses plaas soos beskryf in Genesis 2:7:

***“En die STOF na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die GEES na God terugkeer wat dit gegee het.” – Prediker 12:7.***

Die Bybel gebruik dikwels die Hebreeuse woord vir “asem” en “gees” op dieselfde plekke. Wanneer mense sterf, word hulle liggame “stof” en die “gees” (die “asem van die lewe”) keer terug na God, die bron daarvan. Maar wat gebeur met die siel?

***“So waar as Ek leef, spreek die HERE Here, ... Kyk, AL DIE SIELE is myne; ... DIE SIEL WAT SONDIG, DIE MOET STERWE.” – Esegïel 18:3-4.***

Die siel sterf! Dit is nou nie onsterflik nie – dit kan tot niet gaan.

Die vergelyking wat ons uit Genesis 2:7 gekry het, toe God ons gemaak het, word omgekeer by die dood.

**“Stof van die Aarde – “Asem van die Lewe = “n Dooie Siel”  
Lewelose Liggaam – Asem van God = ‘n Dooie Mens**

Die dood is die beeïndiging van die lewe. Die liggaam disintigreer en word stof, en die asem of gees, gaan terug na God. Ons is ‘n lewende siel in die lewe, maar in die dood slegs ‘n lyk, ‘n dooie siel, ‘n dooie persoon. Die dooies is dus nie by hulle bewussyn nie. Wanneer God die asem van die lewe wat Hy aan ons gegee het terugneem, sterf die siel. Maar soos ons later in die les sal sien, is daar hoop met Christus.

### 4. HOEVEEL WEET ‘N DOOIE PERSOON?

Na die dood disintigreer die brein; dit kan niks weet of onthou nie. Alle menslike emosies word gestaak met die dood.

***“Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn ...” – Prediker 9:6.***

Die dooies is nie by hulle bewussyn nie, daarom kan hulle nie bewus wees van enigiets wat plaasvind nie. Hulle het absoluut geen kontak met die lewendes nie:

***“Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die DOOIES WEET GLAD NIKS NIE.” – Prediker 9:5.***

Die dood is soos ‘n droomlose slaap – om die waarheid te sê, die Bybel noem dit ‘n “slaap” op 54 plekke. Jesus het ons geleer dat die dood soos ‘n slaap is. Hy het aan Sy dissipels gesê:

***“LASARUS, ons vriend SLAAP, maar Ek gaan om hom wakker te maak. Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. En toe sê Jesus vir hulle ronduit: LASARUS IS DOOD.” – Johannes 11:11-14.***

Lasarus was reeds vir vier dae dood voordat Jesus opgedaag het. Maar toe Jesus na sy graf toe gegaan het, het Hy bewys dat dit net so maklik vir God is om die dooie op te wek as wat dit vir ons is om ‘n slapende metgesel wakker te maak.

Dit is 'n groot troos om te weet dat ons ontslape geliefdes "slaap", en in vrede rus in Jesus. Die tunnel van die dood, waardeur ons self eendag mag gaan, is soos 'n stil, rustige slaap.

## 5. VERGEET GOD VAN DIEGENE WAT IN DIE DOOD SLAAP?

Die slaap van die dood is nie die einde van die verhaal nie. By die graf het Jesus vir Martha, Lasarus se suster gesê:

***"EK IS DIE OPSTANDING en die lewe; WIE IN MY GLO, SAL LEWE, al het hy ook gesterwe."* – Johannes 11:25.**

Diegene wat "in Christus" sterf, slaap in die graf – maar hulle het steeds 'n blink toekoms. Die Een wat elke haar op ons hoof tel en wat ons in die holte van Sy hand hou, sal ons nie vergeet nie. Ons mag sterf en in stof verander, maar die rekord van ons individualiteit bly duidelik in die verstand van God. En wanneer Jesus kom, sal Hy die regverdige dooies uit hulle slaap opwek, net soos Hy vir Lasarus opgewek het.

***"Maar broeders ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. ... Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. BEMOEDIG MEKAAR DAN MET HIERDIE WOORDE."* – 1 Thessalonicense 4:13, 16-18.**

Op die opstandingsdag sal die tunnel van die dood soos 'n kort rus voel. Die dooies is nie bewus van die tyd wat verbygaan nie. Diegene wat Christus as hulle Verlosser aangeneem het, sal uit hulle slaap opgewek word deur Sy wonderlike stem wat na die aarde toe sal kom.

Die hoop van die opstanding het 'n metgesel: die hoop van 'n hemelse tuiste waar God "elke traan van hulle oë sal wegvee. En daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene moeite sal daar nie meer wees nie" (Openbaring 21:4). Diegene wat God liefhet hoef nie die dood te vrees nie. Aan die anderkant van die dood lê 'n ewigheid van 'n vervulde lewe met God. Jesus hou "die sleutel van die dood" (Openbaring 1:18). Sonder Christus sou die dood 'n een-rigting straat wees wat eindig in vergetelheid, maar met Christus is daar 'n helder skynende hoop.

## 6. IS ONS NOU ONSTERFLIK?

Toe God vir Adam en Eva geskape het, is hulle as sterflike wesens geskape, onderworpe aan die dood. As hulle aan God se wil gehoorsaam gebly het, sou hulle nooit gesterf het nie. Maar toe hulle sonde gedoen het, het hulle hulle reg om te lewe prysgegee. Deur ongehoorsaamheid het hulle onderworpe aan die dood geword. Hulle sonde het die ganse mensdom besmet, en aangesien almal gesondig het, is ons almal sterflik, onderworpe aan die dood (Romeine 5:12). En daar is nie eens 'n beduidenis in die Bybel dat die menslike siel as 'n bewuste entiteit na die dood kan bestaan nie.

Die Bybel beskryf nie een maal dat die siel onsterflik is nie – dit beteken, nie onderworpe aan die dood nie. Die Hebreeuse en Griekse woord vir "siel," "gees" en "asem" verskyn 1700 maal in die Bybel. Maar daar word nie een maal na die menslike siel, gees of asem as onsterflik verwys nie. Op die huidige oomblik is dit slegs God wat onsterflikheid besit.

***"God ... wat ALLEEN ONSTERFLIKHEID besit"* – 1 Timotheus 6:13, 16.**

Die Skrif maak dit duidelik dat mense in hierdie lewe sterflik is: onderworpe aan die dood. Maar wanneer Jesus terugkom, sal ons natuur 'n radikale verandering ondergaan.

***“Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal VERANDER word – in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, BY DIE LAASTE BASUIN; want die basuin sal weerklink en die DODE SAL ONVERGANKLIK OPGEWEK WORD; en ons SAL VERANDER WORD. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie STERFLIKE MOET MET ONSTERFLIKHEID BEKLEE WORD.” – 1 Korinthiërs 15: 51-53.***

As mense is ons nie nou onsterflik nie. Maar die Christen se versekering is dat ons onsterflik sal word wanneer Jesus vir ‘n tweede maal kom. Die sekerheid van die belofte van onsterflikheid is gedemonstreer toe Jesus Sy graf geopen het en:

***“Die DOOD TOT NIET GEMAAK het en die LEWE en die ONVERDERFLIKHEID AAN DIE LIG GEBRING het deur die evangelie.” – 2 Timotheus 1:10.***

God se perspektief op die menslike bestemming is duidelik: ewige dood vir diegene wat Christus verwerp en aan hulle sondes vashou, of onsterflikheid as ‘n geskenk wanneer Jesus kom vir diegene wat Hom aangeneem het as Heer en Verlosser.

## **7. OM DIE DOOD VAN ‘N GELIEFDE TE AANVAAR**

Die vrese waarmee ons van nature stry ten opsigte van die dood word veral erg wanneer ‘n geliefde sterf. Die eensaamheid en gevoel van verlies kan oorweldigend word. Die enigste oplossing vir die wroeging veroorsaak deur die skeiding van ‘n geliefde is die bemoediging wat net Jesus gee. Onthou dat jou geliefde slaap en jou geliefdes wat in Jesus rus sal opstaan met die “opstanding van die lewe” wanneer Jesus kom.

God beplan wonderlike reünies. Kinders sal terugbesorg word aan hulle ekstatische ouers. Mans en vrouens sal wegsmeel in mekaar se arms. Die lewe se wrede skeidings sal verby wees. “Die dood is verslind in die oorwinning” (1 Korinthiërs 15:54).

Party mense voel die skeiding met ‘n geliefde so erg dat hulle probeer om kontak te maak met hulle dooie geliefdes deur middel van ‘n spiritistiese medium of ‘n New Age kanaliseerder. Maar die Bybel waarsku ons spesifiek daarteen om te probeer om die pyn van die dood te verlig op hierdie manier:

***“En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?” – Jesaja 8:19.***

Inderdaad. Waarom? Die Bybel openbaar duidelik dat die dooies nie bewus van iets is nie. Die regte oplossing vir die hartseer wat veroorsaak word deur die skeiding van ‘n geliefde is die bemoediging wat net Christus gee. Deur tyd saam met Christus deur te bring en met Hom te kommunikeer is die gesondste manier om te groei deur die rouproses. Onthou altyd, die volgende bewustelike indruk wat by diegene wat in Christus slaap, sal opkom, sal die geluid van die wederkoms van Christus wees om die dooies op te wek!

## **8. GAAN DIE DOOD TEGEMOET SONDER VREES**

Die dood ontnem ons van byna alles. Maar die een ding wat dit nie van ons kan wegneem nie, is Christus en Christus kan alles weer bymekaar laat pas. Die dood sal nie vir altyd in hierdie wêreld heers nie. Die Duiwel, die boosheid, die dood en die graf sal vergaan in die “poel van vuur” wat die “tweede dood” is (Openbaring 20:14).

Hier is vier eenvoudige voorstelle om die dood sonder vrees tegemoet te gaan:

- (1) Laat jou lewe vol hoopvolle vertrouwe in Christus wees, en jy sal voorbereid wees vir die dood wat enige oomblik kan kom.
- (2) Deur die krag van die Heilig Gees, wees gehoorsaam aan Christus se gebooie, en jy sal voorbereid wees vir 'n tweede lewe waarin jy nooit sal sterf nie.
- (3) Dink aan die dood as 'n kort slaap waaruit Christus se stem jou sal wakker maak met Sy wederkoms.
- (4) Koester die versekering wat Jesus vir ons gee van 'n hemelse tuiste saam met Hom vir alle ewigheid.

Die Bybelse waarhede stel 'n mens vry van die vrees vir die dood omdat dit Christus, die Een wat nie deur die dood oorwin kon word nie, openbaar. Wanneer Jesus in ons lewens inkom, oorweldig Hy ons harte met vrede:

***“Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle ...Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.” – Johannes 14:27.***

Jesus maak dit ook vir ons moontlik om met die tragedie om 'n geliefde aan die dood te verloor, te bowe te kom. Jesus het deur “die dal van doodskaduwee” geloop; Hy ken die donker nagte waardeur ons moet gaan.

***“Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur DIE DOOD hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en ALMAL KON BEVRY WAT HULLE HELE LEWE LANK UIT VREES VIR DIE DOOD AAN SLAWERNY ONDERWORPE WAS.” – Hebreërs 2:14, 15.***

Dr James Simpson, die groot geneesheer wat 'n belangrike mediese uitvinding gemaak het, het 'n verskriklike verlies ondervind toe sy oudste kind gesterf het. Hy het diep getreur soos enige ouer sou. Maar toe het hy uiteindelik sy weg op hoop gevind. Op sy geliefde kind se graf het hy 'n bordjie aangebring en daarop het hy hierdie woorde van Jesus uitgekerf, aangaande Sy opstanding: “Nieteenstaande, Ek leef.”

Dit sê alles. Persoonlike tragedie lyk partymaal of dit die lug verduister; nietemin, Jesus leef! Ons harte mag besig wees om te breek; nietemin, Jesus leef!

In Christus het ons die hoop van lewe na die dood. Hy is “die opstanding en die lewe” (Johannes 11:25), en Hy belowe: “Omdat ek lewe [sal] julle ... lewe” (Johannes 14:19). Christus is ons enigste hoop op lewe na die dood. En wanneer Christus weer kom gee Hy aan ons onsterflikheid. Ons sal nooit weer in die skadu van die dood lewe nie, want ons het die ewige lewe. Het jy al hierdie groot hoop ontdek wat ons in ons donkerste oomblikke kan koester? As jy nog nooit vir Jesus as jou Heer en Verlosser aangeneem het nie, wil jy dit nie sommer nou doen nie?